



DRAKENSTEIN

MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA

Paarl | Wellington | Gouda | Saron | Simondium

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT

BYLAE 1

KENNISGEWING AAN ALLE WATERVERBRUIKERS WATERBEPERKINGS VLAK 0 VOLGENS DIE NUWE 4 VLAKE WATERBEPERKINGSMODEL

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 4(3) van die Wet op Waterdienste, en Artikel 52 van die Munisipale Waterdienste Verordening van 2014 dat, effektief vanaf 1 November 2020 en tot verdere kennisgewing, die nuwe vlak 0 waterbeperkings binne die Drakenstein Munisipaliteit area van toepassing sal wees :-

1: Beperkings van toepassing op alle waterverbruikers.

- Natlei/besproeiing (met drinkbare water vanaf munisipale toevoer) van tuine, grasperke, blombeddings en ander plante, groentetuine, sportvelde, parke en ander oop ruimtes word toegelaat voor 10:00 en na 16:00 elke dag.
- Daar word van alle boorgate- en putverbruikers verwag om te voldoen aan alle Nasionale Departement van Water- en Sanitasie regulasies met betrekking tot boorgate- en putverbruikers, insluitend die kennisgewing in die Staatskoerent No. 41381 (Vol 631) van 12 Januarie 2018. Alle putte en boorgate wat binne die munisipale waternetwerkarea geleë is, moet by Drakenstein Munisipaliteit geregistreer wees.
- Opvulling of vul van swembaddens met munisipale drinkwater word slegs toegelaat indien die swembad toegerus is met 'n nie-deurlaatbare soliede swembadbedekking. Outomatiese swembadopvulling word toegelaat.

2: Beperkings van toepassing op Residensiële Verbruikers

- Vlak 0 huishoudelike watertariewe (uitgesluit 15% BTW) is soos volg:

	Vlak 1	Vlak 0(vanaf 1 November 2020)
0 to ≤ 6 kl	- R6.71/kl	- R5.28/kl
>6 to ≤ 10 kl	- R13.67/kl	- R9.38/kl
>10 to ≤ 15 kl	- R17.92/kl	- R13.46/kl
>15 to ≤ 30 kl	- R23.24/kl	- R17.47/kl
>30 to ≤ 50 kl	- R32.44/kl	- R24.39/kl
>50 to ≤ 80 kl	- R58.85/kl	- R44.25/kl
Bokant 80kl	- R81.90/kl	- R61.57/kl

3: Beperkings van toepassing op Nie-Residensiële Verbruikers

- Kommersiële motorwasbesighede moet ten minste 50 % van die totale water wat verbruik word, herwin (sterk aangemoedig).
- Was van voertuie, sleepwaens, karavane en bote met munisipale drinkwater word toegelaat.
- Vir gebruikers wat van water verskaf word in terme van spesiale kontrakte (notariële aktes, waterdiens-tussengangers of waterdiensverskaffers) sal die kontrakvoorwaardes van toepassing wees.

STADSBESTUURDER
DR JH LEIBBRANDT

A city of excellence